TOPMED - lede se nuusblad
Inform tm
a newsletter for TOPMED members
Oktober 2011

**Beste Lede**

Die uitslag van die jongste verkiesing vanTrustees is nie aangekondig by die Algemene Jaarvergadering wat op 22 Junie 2011 in Kaapstad gehou is nie. Dit is egter nou aangenaam om die verkose lede aan u bekend te stel.

Eerstens sê die Skema graag dankie aan alle lede wat die tyd afgestaan het om te stem. Die nuwe verkose trustees is:

- Philip (Phil) Drewitt Gallie
- Johannes (Johan) Marthinus Kemp

Die nuutverkose trustees sal saam met die volgende bestaande trustees in die Raad dien:

- Jerry van Vuuren — Voorsitter
- Callie du Plessis — Ondervoorsitter
- John Rollason — Hoofbeampte
- Jan Burger — Gekoöpteerde trustee 31/12/11
- Cobus Fourie — Trustee
- Lodewyk la Grange — Gekoöpteerde trustee 31/12/11
- Hennie van Riel — Trustee
- Roelof van Tonder — Gekoöpteerde trustee 31/12/11

Om kontinuïteit te verseker, is die uittredende trustees, Jan Burger en Lood la Grange, gekoöpteer om nog tot aan die einde van vanjaar in die Raad te dien. Ons opregte dank aan ons trustees vir hul goeie diens aan die Skema deur die verantwoordelikheid van die doeltreffende bestuur van die Skema op hulle te neem. Dit is nie net ’n uitdagende taak om ’n trustee te wees nie, maar verg ook toewyding en tyd en is ’n verbintenis wat deur almal waardeer word.

## TERUGVOER OOR AJV

As u nie die algemene Jaarvergadering op 22 Junie 2011 kon bywoon nie, kan u nog steeds alles daaroor lees.
Die notule van die vergadering is op die webwerf www.topmed.co.za op die veilige webblad vir lede beskikbaar.

So nie, kan u ons dienssentrum by 0860 00 21 58 skakel en ’n kopie aanvra.

## Verduideliking van verdeelde fakture teenoor balansfakture

Let asseblief daarop dat diensverskaffers se praktyk om fakture te verdeel nie toegelaat word nie, volgens ’n beslissing deur die Raad op Gesondheidsorgberoepe en die Wet op Mediese Skemas van 1998.
Verdeelde fakture verskil soos volg van balansfakture (wat wel toegelaat word):

**Verdeelde fakture (onwettig):** Die verskaffer vra twee keer vir dieselfde diens deur meer as een rekening vir die diens in te dien – ’n dokter vra byvoorbeeld R1 000 vir ’n konsultasie en stuur een rekening van byvoorbeeld R200 aan die Skema vir die gedeelte wat deur die lid se voordele gedek word, en stuur nog ’n rekening vir die oorblywende R800 aan die lid vir die gedeelte wat nie deur die Skema gedek word nie.

**Balansfakture (wettig):** Die verskaffer stuur een rekening vir ’n diens aan die Skema óf die lid óf albei – die dokter vra byvoorbeeld R1 000 vir ’n konsultasie en stuur die rekening van R1 000 aan die Skema óf die lid óf albei, maar hou albei op hoogte en maak seker dat dit deursigtig is. Hierdie rekening spesifiseer hoeveel die Skema moet betaal, en watter bedrag die lid moet betaal.

Een van die redes waarom verdeelde fakture nie toegelaat word nie, is dat dit dan onmoontlik word om gesondheidsorgbesteding na te spoor. Nog ’n rede is dat wanneer mediese skemas verskaffers direk teen die NRPL-tarief betaal, ’n afsonderlike rekening aan die lid die feit sou verberg dat die verskaffer nie die aanbevole tarief vra nie.

Met vriendelike vergunning van:
CMS New – Uitgawe 3 2009-2010
BHF – MC.Biii.116 – 30 Maart 2004

# ’n Pretdag by die CESA Stap, Fietsry, Hardloop Aflos 2011

Op 27 Augustus het die TopMed-span die dag by die jaarlikse CESA Aflos deurgebring wat deur SSI aangebied is en by die Eagle Waters Resort langs die Hartebeespoortdam gehou is. As die hoofborg van vanjaar se aflos het TopMed die geleentheid gekry om meer as 2 200 deelnemers uit die ingenieursektor te bereik wat aan die dag se aktiwiteite deelgeneem het.

Die geleentheid was ’n dawerende sukses en beide ons TopMed-fietsspan en -hardloopspan was toppresteerders in die aflos. Ons fietsryspan – WJ de Klerk, Jacques Barlow, Warren Ozorio, Marcel de Witt en Dries Schoombee – het met min sweet en moeite die eerste plek ingepalm. Ons was bevoorreg om Daniel Gwangwa, Suid-Afrikaanse Protea-landloopatleet, die Keniaanse hardloper Wesley Ruto en die Zimbabwiër Luwis Masunda as lede van ons hardloopspan te hê. Dit het ons waarskynlik daardie ekstra woema tot by die eindstreep gegee!

Die TopMed-span het goed na al die deelnemers omgesien en gesorg vir ’n dag propvol gesinspret. Masseerterapeute het gereed gestaan om seer spiere te help vryf en gesigverfkunstenaars het die kinders vermaak terwyl die wedloop en wedren aan die gang was. Gedurende die dag is almal wat ’n welstand-evalueringstoets by die TopMed-tent ondergaan het vir ’n gelukstrekking ingeskryf, en Ryan Sweetman het ’n splinternuwe fiets gewen.

TopMed sê graag dankie aan ER24, ons vennoot by die geleentheid, wat hul paramedici beskikbaar gestel het en op deskundige wyse al ons gesondheidsevalueringstoetse van deelnemers en hul gesinne hanteer het.

Jerry van Vuuren (tweede van links), voorsitter van TopMed Mediese Skema, ontvang die toekenning vir die hoofborg van die geleentheid.

Die TopMed-fietsryspan geniet ’n welverdiende blaaskans by ons tent ná die aflos.

Ryan Sweetman was die wenner van die TopMed-gelukstrekking en het ’n fantastiese fiets ontvang, oorhandig deur Jerry van Vuuren, voorsitter van TopMed Mediese Skema.

Die TopMed-tent het by die geleentheid welstandevaluerings en ander pretaktiwiteite vir almal aangebied.

# Wat het u gesê?

Dankie vir die tyd wat u afgestaan het om aan ons opname deel te neem. Die inligting wat u verstrek het, is vir ons regtig waardevol. Hieronder is ’n paar vrae en antwoorde uit die opname.

## Die eisproses is verstaanbaar

| | Antwoorde |
|---|---|
| Uitstekend | 30.96% |
| Goed | 42.28% |
| Aanvaarbaar | 19.08% |
| Voldoen nie aan vereistes nie | 4.05% |
| Onaanvaarbaar | 1.62% |

## Kry u waarde vir geld?

| | Antwoorde |
|---|---|
| Ja | 79.58% |
| Nee | 20.42% |

## Die daaglikse eisestaat per e-pos is nuttig

| | Antwoorde |
|---|---|
| Ja | 90.47% |
| Nee | 9.53% |

## Die eisestaat is maklik om te verstaan

| | Antwoorde |
|---|---|
| Uitstekend | 35.26% |
| Goed | 40.49% |
| Aanvaarbaar | 17.31% |
| Voldoen nie aan vereistes nie | 5.50% |
| Onaanvaarbaar | 1.44% |

## U ervaring van die skema se administrateur (Momentum)

| Antwoorde | |
|---|---|
| Uitstekend | 22.72% |
| Goed | 43.26% |
| Aanvaarbaar | 27.17% |
| Voldoen nie aan vereistes nie | 5.14% |
| Onaanvaarbaar | 1.71% |

# Opnamewenners

Baie geluk aan die volgende lede, wat elkeen R1 000 in die gelukstrekking van die opname gewen het.

**VA Madiba - Marikana**

**R. Murphy - Eden Glen - Jhb**

**I le Grange - Drostdy Park - Cape Town**

TopMed tm

## Instapsentrums

# Meer sentrums, beter diens

**Die skema se administrateur, Momentum Medical Schemes Administrators (MMSA), het lededienssentrums in al die groot stede regoor die land.**
**Lede moet asseblief daarop let dat die dienssentrum by Sanlam se hoofkantoor oop is vir alle TopMed-lede.**

| AREA | ADDRESS AND CONTACT |
|---|---|
| MMSA Johnannesberg | Tel: 011 381 2000<br>Fax: 031 580 0405<br>101 De Korte Street<br>Braamfontein<br>Johannesburg |
| MMSA Cape Town | Tel: 021 680 7400<br>Fax: 021 686 3189 / 031 580 0423<br>1st Floor<br>Liesbeek House<br>River Park<br>Mowbray |
| MMSA Durban | Tel: 0860 00 21 58<br>Cell: 082 235 0879<br>Fax: 031 580 0480<br>1-3 Canegate Road<br>La Lucia Ridge |
| MMSA Bloemfontein | Tel: 051 4484632<br>Office Park nr 9<br>Corner of 3rd Avenue and President Reitz Street<br>Westdene<br>Bloemfontein |
| TopMed Cape Town - Sanlam | Tel: 021 947 4869 / 4897<br>Fax: 021 947 3834<br>Sanlam Head Office<br>2 Strand Street<br>Belville |
| TopMed Port Elizabeth | Tel: 041 3630455<br>3rd Floor, Greyville House, Corner Cape Road<br>Greyville Road and Ring Road<br>Green Acres<br>Port Elizabeth |

# CHRONIESE Aangewese Diensverskaffer-netwerk (ADV) Netwerk

# Q&A

## Implementering van TopMed se DSP Netwerk

Ons kondig graag aan dat ons ’n oop TopMed DSP-netwerk vir die aankoop van u PMB CDL ( Prescribed Minimum Benefit – Chronic Disease List) chroniese medikasie gefinaliseer het. Om dubbeld seker te maak dat u chroniese medikasie op die PMB CDL-lys is, raadpleeg asseblief die lys van PMB’s hieronder:

Slegs van toepassing op TopMed Tradisionele Opsie, TopMed Spaaropsie, TopMed Professionele Opsie en TopMed Hospitaalopsie

- Addison-siekte
- Asma
- Brongiëktase
- Kardiomiopatie
- Chroniese nierversaking
- Hartversaking
- Chroniese obstruktiewe longsiekte
- - Emfiseem
- Kroonaarsiekte
- - Iskemiese hartsiekte
- Crohn-siekte
- Diabetes insipidus
- Diabetes mellitus (Tipe I en II)
- Disritmie
- - Ventrikulêre tagikardie
- - Arteriële fibrillasie
- Epilepsie
- Gloukoom
- Hemofilie
- Hiperlipidemie
- Hipercholesterolemie
- Hipertensie (hoë bloeddruk)
- Verspreide sklerose
- Parkinson-siekte
- Psigiatriese steurnisse
- - Bipolêre gemoedsversteuring
- - Skisofrenie
- Rumatoïede artritis
- Sistemiese lupus eritematose
- Ulseratiewe kolitis

## Wat is ’n Designated Service Provider (DSP)?

’n DSP is ’n verskaffer met wie die Skema ’n kontrak aangegaan het om teen ’n ooreengekome prys dienste aan lede te lewer.

## Wanneer moet ek die DSP-netwerk begin gebruik om my PMB CDL-medikasie te koop?

U moes vanaf 1 Augustus 2011 die nuwe DSP-netwerk begin gebruik het.

## Wat gebeur as ek nie die TopMed DSP-netwerk sedert 1 Augustus 2011 gebruik nie?

Hoewel u na enige apteek van u keuse kan gaan, sal TopMed slegs ’n 70%-voordeel (onderhewig aan MMAP) betaal indien u besluit om nie een van die apteke in die TopMed DSP-netwerk vir die aankoop van u PMB CDL-medikasie te gebruik nie.

## Hoe sal ek weet of die apteek wat ek op die oomblik gebruik deel is van die TopMed DSP-netwerk, en as ek van apteek wil verander, waar kry ek ’n lys van apteke?

U kan hierdie inligting op twee maniere bekom, naamlik:
Gaan na die TopMed-webwerf www.topmed.co.za waar u ’n bygewerkte lys onder Network providers (Netwerkverskaffers) sal kry.
So nie, kan u een van ons Kliëntediensagente by 0860 00 21 58 skakel, wat u kan help.

## Wat is MMAP?

MMAP is die Maksimum Mediese Fondsprys wat deur TopMed vir die koste van generiese medisyne betaal word, waar ’n generiese alternatief vir handelsmerkmedisyne bestaan. Indien ’n generiese alternatief bestaan en u kies die handelsmerkproduk, sal u die prysverskil tussen die generiese en die handelsmerkproduk moet betaal. Die prysverskil is betaalbaar wanneer die medisyne gekoop word.

Vra asseblief u apteker om advies oor generiese ekwivalente.

MMAP is van toepassing op alle medisyne, behalwe nie-voorgeskrewe (PAT-)medisyne. Indien ’n handelsmerkproduk gebruik word wanneer ’n generiese produk bestaan, sal slegs MMAP vir die generiese produk tot by die drempel ophoop, waar van toepassing.

### Wie is deel van die TopMed DSP-netwerk?

Die netwerk bestaan tans uit sowat 850 apteke en word deurlopend bygewerk met apteke wat versoek om hierby aan te sluit. U apteek kan aansoek doen om lid te word van die netwerk. Ons kondig graag aan dat al die groot kleinhandelsapteke deelneem en die volgende insluit:
Dis-Chem
Pick n Pay
Clicks Retail
MediRite (Checkers)

Verder is daar verskeie koerierapteke, wat insluit:
Pharmacy Direct
Clicks Directmedicines
MediPost
Chronic Medicine Dispensary
Die res van die apteke is onafhanklike apteke wat besluit het om deel te neem.

### Moet ek die TopMed DSP-netwerk gebruik as my chroniese toestand nie ’n PMB CDL is nie?

Nee, u hoef nie die DSP-netwerk te gebruik as u chroniese toestand nie ’n PMB CDL is nie, en u normale chroniese voordeel sal volgens die voordele van u huidige opsie betaal word. Die gebruik van ’n apteek binne die TopMed-netwerk sal egter vir u en die skema geld spaar. Daarom moedig ons u aan om die TopMed-apteeknetwerk te gebruik.

## Help ons om in voeling te bly

Ons wil nie hê u moet enige kommunikasie misloop nie – laat weet ons dus as u kontakbesonderhede verander het. Skakel asseblief ons dienssentrum by 0860 00 21 58 en werk u besonderhede by.

TopMed tm

Sluit aan by Multiply om u gesondheid te bevorder en word beloon

Het u geweet dat u as ’n lid van TopMed Mediese Skema toegang het tot Momentum Multiply?

Momentum Multiply verskaf die hulpmiddels, inligting en aansporings wat u help om u algemene welstand te verbeter.

As ’n lid van Momentum Multiply is, sal u tot 50% afslag kry op Mango-vlugte en NuMetro-fliekkaartjies, plus talle fantastiese voordele by ons ander uitstekende vennote.

Besoek www.multiply.co.za of skakel die Multiply-dienssentrum by 0861 88 66 00 om meer uit te vind.

Bepalings en voorwaardes geld vir alle Multiply-voordele. Besoek www.multiply.co.za vir volledige besonderhede. Momentum is ’n gemagtigde finansiële diensverskaffer en kredietverskaffer.

Momentum’s Wellness Programme Multiply

momentum